

## KERSTYD: SING SAAM

deur Stephan Joubert (E-Kerk)

As mense bly is, dan sing hulle graag. Vat maar daardie groot skares op die sokkerstadions. Lyk my geesdriftige skares se sang werk soos brandstof in baie spelers se tenks. Dit laat hulle net nog harder speel. Dis seker hoekom die herders so vinnig vertrek het na die plek waar Jesus gebore is toe die engele begin sing het daar in Lukas 2.

Hemelse musiek is meer as genoeg om stywe aardse ledemate in beweging te bring. Luister mooi en kom in beweging. **Wanneer die engele rondom jou sing oor God se nuwe werke hier tussen ons op aarde, kan dit nie anders nie as dat jy net wil saamsing.** Dan wil jy hê jou lied moet ook gevoeg word tot dié van die engele. Want dan het jy gehoor dat hemelse vrede op aarde aangebreek het vir diegene oor wie God Hom verheug.

**Kersfeestyd is singtyd en luistertyd.** Dis presies die regte tyd om die engeleklanke te hoor wat Jesus se aankoms feestelik besing. Die engele weet die bordjies is vir altyd verhang. Dood het nou plek gemaak vir lewe en donker vir lig. Hoop het wanhoop uit die pad geloop. **As jy dit hoor en hierdie musiek verstaan, dan meld jy dadelik aan by die hemelse feeskoor hier op aarde.**

**Nee, dan maak dit nie eens saak of jy 'n operastem het en of jy net 'n doodgemiddelde stem het nie.** Dan sing jy luidkeels hier binne in jou hart. **Dan juig jy te midde van enige donker skaduwees wat dalk in jou eie omgewing saampak.** Want Jesus is uiteindelik hier!

EK BID:

*Heer Jesus, hoor my lied as ek vandag  
aansluit by die engelekoor  
Ook ek wil saamsing oor U vrede  
wat tussen ons aangebreek het  
Ek wil jubel oor U koms  
U is nou ons Herder  
U is vir altyd ons Heer  
By U vind ons elke dag vreugde  
en hoop  
Oor U juig ons luidkeels  
Ons doen dit nou en elke ander dag*

Amen

Ds Leon Tait



### God van die onmoontlike is by ons!

*Die maagd sal swanger word. En 'n Seun in die wêreld bring. En hulle sal Hom Immanuel noem. Die naam beteken God by ons (Mat 1.:23)*

'n Maagd wat swanger word? Kan mos nie wees nie! Kan jy dink hoe Maria en Josef moes gevoel het. Niemand sou dit glo nie. Sulke dinge of wonderwerke gebeur tog nie in hierdie wêreld nie. Tog het dit gebeur! Maria het swanger geword en Christus is gebore. Die onmoontlike is vir God moontlik! As ons saam met Christus wil lewe, sal ons in die onmoontlike moet glo. Sal ons geloof groter as ons verstand en logika moet wees.



Hierdie is van die begin af die boodskap van Jesus se geboorte. Ons moenie God te klein dink of maak nie. Hy is die "groot-genoeg-vir-enigiets-God". Met Hom kan ons dit waag in hierdie feestyd en deur ons hele lewe! Waag om vir Hom in hierdie feestyd 'n verskil te maak en ander se lewens in Sy naam te raak bv. gaan maak reg met iemand waar onmin is of gaan steek grense oor en doen iets vir iemand wat jy nooit vroeër sou droom om te doen nie. As jy nog nie glo dat God die onmoontlike kan doen nie, glo jy nog glad nie!

Immanuel is die naam van die Jesus-kind. Dit beteken God is by ons. Moontlik voel jy hierdie tyd van die jaar verlate of eensaam. Jy mag selfs die pyn van verwerping beleef. Hierdie feestyd mag jy weet wie jy ook al is en wat ook al jou omstandighede is, God is by jou! Die goeie nuus is dat God jou nie ooit aan jouself gaan oorlaat of jou sal verlaat nie. Die Immanuel-kind staan in daarvoor dat jy selfs in jou haglikste ervaringe nie alleen is nie.

Mag jy hierdie kerstyd die genade ontvang om weer in die God van die onmoontlike te glo en mag jy intens bewus word van God by jou!

### IN HIERDIE UITGAWE:

Seënvolle kerstyd!	Rentmeesterskap	3
Ds Leon van Heerden	In gesprek met Louis en Yolandi	7
	Kerstyd: Sing saam	8



- ◆ **5 Des:** Doop
- ◆ **10 Des:** Skole sluit
- ◆ **16 Des:** Geloftedag & Geloftediens @ 8:00
- ◆ **25 Des:** Kersdiens @ 8:00
- ◆ **31 Des:** Oujaarsdiens @18:00



**BOOMSLOPING** en snoei van bome & struik. Kontak Ernst by 083 656 4992

**TUISSORGDIENTE:** Verswakte bejaardes wat tuis versorg word of enige persoon wat na operasie hulp nodig het. Bereid om bedwas en hare te was teen billike tariewe. Kontak Blanche 072 7111 554

Indien u enige items of dienste het om gratis aan te bied, kan u dit **GRATIS** in hierdie blaadje adverteer! Skakel 083 235 0236

## MUFFINS

Bacon & Kaas @ R36 p/dosyn  
Chock & Chock Chip @ R30 p/dosyn  
Wit met Rosyne @ R30 p/dosyn  
Nutty wheat & Rosyne @ R36 p/dosyn  
Wit met Chock Chip @ R36 p/dosyn

**Ideaal vir vergaderings, verjaarsdae, funksies en enige ander geleenthede!**



**Bestellings: Skakel Anne-Marie van Zyl by**

## Value Odds & Ends Construction

**Spesialiseer in:**

Plaveisel (niks te groot of te klein) / Teëlwerk / Algemene Bouwerk / Opknapping / Verbeterings / Verfwerk / Loodgieterswerk / Elektriese werk / Veiligheidsheininge & Hekke / Staalwerk / Afdakke

**BETROUBAARHEID & KWALITEIT GEWAARBORG!!**

Tel: (012)335-4949  
Faks: (012)335-1169

Voortrekkersweg 899, Wonderboom-Suid

## In gesprek met .... Louis en Yolandi Scheepers

Louis en Yolandi Scheepers wag vir my by Mug & Bean in die Kollonade. Ongelooflik jonk, is my eerste indruk ... Yolandi, 'n regstudent in haar derde jaar aan UP, se kuiltlengte-tights steek onder 'n byderwetse rok aan haar perdebylyfie uit. Dinge het nogal verander sedert my tyd toe Mevrou Doornies in twinset en pearls saam met Doornies kom huisbesoek doen het in hulle Chevvie.

Nou ja, by daai lyfie sal ek nie kan kers vashou nie. Maar goed, wat Louis se haarstyl betref, as ek genoeg jel in my hare vryf, kom ek dalk nie so vër tweede nie.

Hulle gesels geesdriftig. Maar nie oormoedig nie, kom ek gou agter. Dit is ingeligte gesprekke; hulle is intens bewus van jong mense se probleme en behoeftes; hulle spreek dit aan. Een van die probleme is dat nie alle ouers by hulle kinders betrokke is nie. Dan gee Louis en Yolandi daardie skouer en oor wat diesulkes nie by die huis kry nie – wat gedoen wil wees. Maar hulle is blymoedig want daar is 'n eenvoudige pad, wat Louis uit die Bybel verduidelik, baie nugter, baie prakties. En werklik opreg. Waar God is, daar is 'n pad.

Woorde is nie genoeg nie, aanmanings beslis nie, is hulle uitgangspunt. Wat die deurslag gee, is of jy leef wat jy preek, of jy liefde uitstraal, of jy na die beeld van Christus leef. En om dit te kan doen, moet jy dit waarlik in jou hart hê.

Toe verduidelik Louis vir my 'n interessante begrip, wat ontstaan uit die Griekse woord "lambanō". Dit kom daarop neer dat liefde nie 'n eenrigtingding is nie. Om uit te reik, moet jy aan die ander mens raak. Só ontstaan daar 'n verbinding tussen julle. En dan gebeur daar 'n wonderlike ding: Die liefde waarmee jy uitreik, stroom in gelyke mate na jou toe terug. Jy en die ander een gee en neem van mekaar. Die jong mense wat op Louis en Yolandi se inisiatief ou mense gaan besoek, kom met ryker harte terug. Wanneer hulle gestremdes besoek, gaan hulle daar weg om dankie te bid vir dinge wat mens as vanselfsprekend aanvaar: oë, bene, hande, die vermoë om na jouself te kan omsien. Wanneer 'n dwelm-, seks- en drankverslaafde vir Louis kom sê hy wil liewers nou die kerk join, en week na week join hy inderdaad, het iets in die hart van meer as net die stukkende jong man gebeur.

Terwyl ek huis toe ry op die N4, flits 'n 4x4 sy ligte vir my (al moet sy tog kan sien daar is karre weerskante en voor my, ek kan nie help nie). Die oomblik wat daar 'n spasietjie voor my ontstaan, swaai die taxi links van my doodsvragtend voor my in. Sal ek vir hom toet om te kenne te gee dat hy die mamparra-of-the-week-toekenning kry, uitleun om vir die 4x4 se eienaar te wys dat sy en die taxidrywer die toekenning vandeeweek maar sal moet deel? Of sal ek lambanō op die proef stel?

Verskonend wuif ek vir die taxi, ook vir die jappie in die 4x4 in daardie flitsende sekonde wat sy verby my jaag. Die taximan lig sy hoed en die 4x4 se eienaar kry dit in haar om deur haar ruit vir my te beduie dis als oukei.

Ek dink Louis en Yolandi is nie daar vir net die jeug van hierdie gemeente nie. En ek was nie eens vandag saam met dié twee jong mense in die gewyde atmosfeer van 'n kerk nie, maar sommer in Mug & Bean. Want God se liefde is oral, as ons net aan mekaar se harte sal raak.

In die dae toe jong mans met poniesterte, wit hemde met pofmoue en voete in 'n paar streppiesandale nog raar was, het 'n dogtertjie langs so 'n ene – wat laat in die kerk gekom en langs hulle in die agterbank ingeskuif het – gesit, wat die ma nogal ongemaklik gestem het. Ná die diens vra die dogtertjie: "Het Mamma gesien ek het vandag langs Liewe Jesus gesit?" Miskien het daardie kind iets gesien waarvoor ons almal moet uitkyk.

Louis en Yolandi maak vir my van drie klein woordjies soos "genade", "geloof" en "liefde" iets wat so groot is dat dit alles omvat, selfs die pyn.

*deur Jeanette Ferreira*

# c'nanru eiendomme

ons bied 'n verskeidenheid van dienste:

- Gratis waardasies
- Bemerk om te verkoop
- Kwalifisering van nuwe kopers
- Lening aan soeke
- Advies om eiendom se waarde te verhoog
- Boedelwaardasies

Naómi

082-804-1200 012-331-0015



*Akriel Naels*  
*Sorelle Carstens*

*Pryse*  
*Volstel naels: R250,00*  
*Opvul van naels: R140,00*  
*Gel op toomnaels: R120,00*

*Kontakbesonderbede:*  
*072-172-0145*



## RIETFontein-SUID WEBWERF:

Besoek gerus die gemeente se dinamiese webwerf. Daar is 'n klomp nuwe ontwikkelinge om te sien en ontdek. Hierdie Rietfluit kan ook elektronies afgelaai word.

[rietfontein-suid.ng.org.za](http://rietfontein-suid.ng.org.za)

6

## RENTMEESTERSKAP

### STEL JOU BEGROTING OP EN HOU DAARBY

Ons weet almal ons moet dit doen – en dan stel ons dit uit! En as ons dit doen – hou ons regtig daarby? Feit is as ons dit ordentlik doen en ons is realisties oor ons behoeftes, kan dit 'n reuse verskil maak aan ons finansiële welstand en ons algemene gemoedsrus. Ons praat van die opstel van ons huishoudelike BEGROTING!

#### Stap 1: Versamel jou inligting

Versamel alle moontlike finansiële state waarop jy jou hande kan lê – insluitende bankstate, beleggingsberigte, verbruikersrekenings en enige ander inligting rakende bronne van inkomste of uitgawes. Die doel van hierdie oefening is om 'n maandelikse gemiddeld op te stel en hoe meer inligting jy kan versamel, hoe beter.

#### Stap 2: Skryf jou bronne van inkomste op

As jy in jou eie diens is of as jy ander bronne van inkomste het, maak seker dat jy dit ook opskryf. As jou inkomste in die vorm van 'n salaris is en jou belasting word outomaties afgetrek, moet jy jou berekening baseer op jou netto inkomste – op die bedrag wat jy huis toe neem. Boekstaaf hierdie totale inkomste as 'n maandelikse bedrag.

#### Stap 3: Wat is jou uitgawes?

Stel 'n lys van maandelikse uitgawes op – dit is al die verwagte uitgawes wat jy beplan om in die loop van 'n maand te bestee. Dit sluit in jou verbandbetaling op jou huis, jou karpaaient, kruidentersware, gebruiksgoedere, vermaak, droogskoonmaak, motorversekering, spaargeld vir opvoedkundige en aftreedoeleindes, ens.

#### Stap 4: Deel jou uitgawes op

Verdeel jou uitgawes in twee kategorieë: vaste en veranderlike uitgawes. Vaste uitgawes is daardie uitgawes wat elke maand naastenby dieselfde bly en dit vorm die basis van jou lewensstandaard, bv. jou verbandbetaling of huurgeld, jou karpaaient, kredietkaartbetalings, ens. Veranderlike uitgawes is die tipe wat van maand tot maand kan verander soos kruidentersware en geskenke.

#### Stap 5: Bereken die totaal

Bereken die totaal van jou maandelikse inkomste en maandelikse uitgawes. As jou inkomste meer is as jou uitgawes, is dit 'n goeie begin. Dit beteken jy kan die oorskot prioriteiseer na ander dele van jou begroting soos spare vir aftrede of groter afbetaling op jou kredietkaartskulde om daardie skuld vinniger af te betaal. As jou uitgawekolom groter is as jou inkomstekolom, beteken dit jy sal veranderinge in jou bestedings-program moet aanbring.

#### Stap 6: Maak aanpassings

Moet jy jou besteding aanpas? As jy al jou inkomstes en uitgawes korrek geïdentifiseer en gelys het, is jou hoofdoel dat jou totale inkomstes en uitgawes dieselfde moet wees. Dit beteken al jou inkomstes is voorsien en begroot vir 'n spesifieke uitgawe. As jy nou in 'n situasie is waarin jou uitgawes hoër is as jou inkomstes, moet jy gaan kyk na jou veranderlike uitgawes en moet jy soek vir areas waarop jy kan terugsgny of wat jy kan uitskakel.

#### Stap 7: Hersiening

Dit is NOODSAAKLIK dat jy jou begroting elke maand hersien om te verseker jy bly op koers.

Uit: SHOPPER'S FRIEND, Week 33, 15 Augustus 2010

3



# LIEF & LEED

NG RIETFontein-SUID

Die volgende kleintjies is Sonndag, 31 Oktober gedoop:

Leandri Niemann (gebore 3 Augustus 2010)

Marnus Broodryd (gebore 10 Mei 2010)

Keylee Myburgh (gebore 13 Junie 2010)

Miecke van Zyl (gebore 2 Desember 2009)

Ulrich Pieterse (gebore 10 Julie 2008)



**Baie geluk aan dié ouers en groot-ouers met die doop van hierdie kosbare kleintjies.**

## ELITE RESTOURASIE & INSTANDHOUDING

### ◆ ALGEMENE VERFWERK:

Binne en buite mure, plaveisel, dakke ens.

### ◆ WATERDIGTING:

Dakke, mure en afdakke.

### ◆ LOODGIETERSWERK:

Instalاسie van stortbaddens, baddens, wasbakke en toilette.

### ◆ BOUWERK:

Teeelwerk en algemene bouwerk.

### ◆ SEKURITEIT:

Instalاسie van lemmetjiesdraad en sekuriteitsheininge.

### Ik bied u:

Persoonlike toesig ten alle tye. Vyftien jaar ondervinding. Betroubare verwysings van werk deur my verrig. Professionele werkmanskap en diens van hōe gehalte. Gratis kwotasie sonder enige verpligting. Sewe jaar waarborg op vakmanskap en produkte.

### Vir meer inligting skakel:

**Johan van Rensburg: 082 580 1611 of Arrie Putter: 083 262 0187/ 012 329-0471**

Ek is bekend vir eerlikheid, betroubaarheid en tevredenheid.




## KOM BUIG DAAR IN AANBIDDING

*Vir ons is 'n Seun gebore, aan ons is 'n Seun gegee; Hy sal heers, en Hy sal genoem word: Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredvors. - Jesaja 9:5*

Dankie, Vader, dat U u Seun na die wêreld gestuur het om vir ons die ewige lewe te gee. Here Jesus, dankie dat U u wonderlike plek in die hemel verlaat het om menslike vlees te word om my van sonde te verlos. Dankie dat U my uit die mag van die duisternis gered het en my U lig gegee het sodat ek nie in die duisternis bly nie. Gebruik my hierdie Kerstyd om ander te wys hoe U vir hulle ook die ewige lewe kan gee.

Mag u een en elkeen 'n geseënde Kerstyd ervaar, asook 'n wonderlike rustyd.

*Taaksapn vir Media en Reklame*





## AUTO ACTION SALES

Ek koop & Verkoop Motors / Bakkies

No: 1 Lydia's Place  
720 Lydia Street  
Waverley 0186  
Posbus 32885  
Waverley, 0135

☎ 079 877 7692  
☎ 073 838 8427  
☎ 012 331 1852  
☎ 086 750 6997

✉ aeros@vodamail.co.za

